

## 40Dae-veldtog –Jesus stuur ons!

### Riglyne vir Groeigroepleiers:

Ons is baie opgewonde oor die **40Dae-veldtog, *Jesus stuur ons***, wat Sondag 13 Augustus 2017 begin! Baie van ons onthou nog hoeveel seën ons die afgelope twee jaar beleef het met die vorige veldtogte, *Leer leef met Jesus* en *Jesus maak ons heel*. Die hele gemeente gaan weereens hierdie veldtog saam doen! Ons is die Here baie dankbaar daarvoor.

**Hierdie jaar se tema** en die vorige twee temas hou alles met mekaar in verband. *Jesus stuur ons*, vloei voort uit die daaglikse lewe saam met Jesus en vir die daaglikse lewe saam met Jesus en om gestuur te wees, is emosionele gesondheid baie belangrik.

### **Ons gestuurdheid:**

Om deur Jesus gestuur te word en om gestuurdes van God te wees, is dit belangrik om die volgende goed te verstaan:

1. Om gestuur te wees, begin nie by onself nie, dit begin by God.
2. God Drie-enig gaan ons voor in ons gestuurdheid.  
God is reeds betrokke en werk reeds in die wêreld en ons gemeenskap. Hy nooi ons om by Hom aan te sluit.
3. Gestuurdes is mense wat begin deur te rus in God
4. Gestuurdes maak erns met toerusting deur die Woord van God en 'n openheid om deur die Heilige Gees vernuwe te word
5. Gestuurdheid gaan oor ons daaglikse lewe saam met Jesus  
(maw: wat dit beteken om Jesus te volg in ons lewe van elke dag en in alle fassette van ons menswees – woon, werk, speel, ontspan, ens.)
6. Gestuurdheid gaan oor ons “wees” en ons “doen”  
(wie ons daaglik is en hoe ons daaglik optree)

### **40 Dae inoefening:**

Ons gaan in die 40 dae inoefen wat dit beteken om 'n gestuurde dissipel van Jesus te wees waar ons woon, werk, ontspan en oefen. Dit is egter belangrik om die verskil tussen “probeer” en “oefen” te verstaan:

- **Probeer (Trying):** dit beteken om in eie krag en inspanning te probeer. Die uitkoms is gewoonlik mislukking en skuldgevoelens.
- **Inoefen (Training):** dit gaan daarvoor om saam met Jesus en in sy krag iets in te oefen. Hy is dan ons Afrigter wat ons afrig, aanmoedig, reghelp en in ons glo.

Die volgende oefeninge is belangrik om in te oefen: (vgl p8+9 handleiding)

#### **1. Daaglikse ritme:**

- a. **Lectio Divina (Goddelike lees)** – dit is ‘n gebruik uit die antieke kerk wat ons help om persoonlik tot stilstand en tot rus by die Here te kom en te luister na die Woord. Verwag dat die Here met jou gaan praat! Ons gaan oefen om die teksgedeelte saam met ons te “dra” deur die dag en opnuut stilword en daarna luister en dit van toepassing maak in ons praktiese lewens. Ons doen dit deur die oggend, middag en aand te stop, stil te word en te luister. Ons sal ‘n Lectio Divina-kaartjie uitdeel vir dié wat dit nog nie ontvang het nie.
- b. **Daaglike nadenke** – Ons gaan baie aandag gee aan hierdie oefening. Dit gaan daarvoor om daaglik aan die einde van die dag te reflekteer oor hoe ons saam met Jesus geleef het. Ons kan dit op ons eie doen of saam as gesin. Daar is duidelike riglyne in die veldtogboekie hieroor.

## 2. Kleingroep

Jesus het mense geroep om Hom saam as dissipels te volg. Daarom gaan ons wekeliks saamkom in groepe om mekaar te help, aan te moedig te inspireer en vir mekaar te bid. Ons gaan deel oor hoe ons prakties as gestuurdes van Jesus leef. Ons gaan in die groepe ook die daaglikse nadenke doen.

In die kleingroepe het ons die wonderlike geleentheid om nuwe mense in te nooi om saam met ons as gestuurdes te leer leef. Gesels daarvoor in julle groepe hoe julle nuwe mense kan ontvang en bid daarvoor. Dit is ook ‘n geleentheid om nuwe mense te leer ken en nuwe vriende te maak.

## 3. Eredienste

Ons kom Sondag in die eredienste saam om die Here te aanbid en te loof en saam te luister na die tekswoord en boodskap van die week. Ons wil ook geleentheid gee vir getuïenisse oor waarmee die Here besig is in ons lewens. Dit inspireer ons om die week as gestuurdes te gaan leef!

### Veldtoghandleiding: Jesus stuur ons!

Dit is om die volgende redes baie belangrik om ‘n veldtoghandleiding te koop:

1. Die handleiding het waardevolle **agtergrondsinsigting** (Bylaag 1-6) wat ons baie help met die tema en die veldtog.
2. Die handleiding voorsien ‘n **proses** vir ons **persoonlike stilword** met die Here en ons persoonlike **daaglikse nadenke**
3. Die handleiding bevat ook die **riglyn vir ons gesprekke** in die **groepe**
4. Die handleiding help ook met **hoe ons kan reflekteer** en **nadink** oor die **eredienste** vir persoonlike gebruik en in groepe (daar is ook heelwat ruimte vir notas)

Die handleiding is beskikbaar teen R60 elk by die kerkkantoor of Sondag by die veldtogtafel. Reël asb met julle groepe om sommer so gou moontlik te kom kry.

Ons gaan weer **weekliks dieselfde teks** gebruik. Moedig mense aan om dit te doen en ook om verskillende vertalings te gebruik. Ons gebruik die teks vir die week wat in die veldtogboekie aangegee word as die teks vir die Lectio Divina en die eredienste.

Daar is nie hierdie jaar 'n **DVD vir die groepe** beskikbaar nie.

Indien julle **kinders in die groeigroep** het, hou 'n **kindermoment** (ongeveer 10-15min aan die begin in die groepsessie) sodat die kinders kan deel hoe hulle die veldtog beleef en wat hulle leer by die kinder- en tienerbediening. (hulle doen die veldtog by Dissipelland/Graffiti). Gebruik ook die hulpmiddels en oerleiding om die boodskap te hersien in julle huise en groepe en om dit te intergreer in julle lewe as gesinne.

**Gebed:** Kom ons bid ernstig vir die veldtog omrede diep transformasie in mense se lewe plaasvind in antwoord op gebed. Ons kan dit soos volg doen:

1. Bid asb ernstig in julle **persoonlike stilwoordtye** vir die veldtog
2. Skep 'n geleentheid vir **gebed in die kleingroepe** vir gebed vir mekaar, die veldtog en die gemeenskap vir groot impak
3. Bid ook **as gesinne** saam vir die veldtog. Betrek die **kinders** by gebed en laat hulle saambid.
4. Bid vir mense wat **nuut inskakel** by die veldtog (eredienste en groepe) dat hulle gou tuis sal kom en saam seën sal beleef.
5. Bid vir **mense** wat in die **gemeenskap** deur die impak van die veldtog bereik kan word vir 'n openheid en vir transformasie in hulle lewens
6. Bid dat ons **jaartema** en **fokusareas** spesifiek in die veldtog 'n werklikheid sal word: Jaartema: "Kom tuis!" en Fokusareas: "Kom soos jy is!", "Word verander!" en "Maak 'n verskil!"
7. Maak ook erns met gebed gedurende die dag by jou huis, werk, en gemeenskap.

#### **Liefdesmaal:**

Na die **laaste Sondag** se **oggenderediens** van **17 September** wil ons 'n liefdesmaaltyd en fees hou op die kerkgronde. Dagboek solank die geleentheid en kom saam as groeigroep. Nooi ook ander mense wat die veldtog bygewoon het om saam te kom feesvier. Praktiese reëlins sal later deurgegee word.

#### **Deurloopnagmaal:**

Die **week na** die **veldtog** wil ons die kwartaal en die veldtog afsluit met ons gebruiklike deurloopnagmaal. Dit is 'n mooi en gepaste geleentheid om die veldtog geestelike af te rond. Dit sal plaasvind **Woensdag 27 September**.

Ons bid en vertrou dat die Here ons gaan verras en 'n diep werk in ons lewens gaan doen en dat die veldtog 'n groot impak gaan hê. **Bid asb ernstig saam** hiervoor!

Baie seën vir julle groeigroep tydens die veldtog en baie seën met jou rol as leier/koördineerder van die groep. (Kontak ons asb as daar enige onduidelikheid is.)

Frikkie Coetzee (ds)

Leraar: Groeigroepe